Advertensies

Naam:

Ons sien elke dag baie advertensies op die televisie, in tydskrifte en koerante, langs die pad op reklameborde en op aansteekborde. Ons hoor ook elke dag advertensies op die radio.
Werk saam met 'n maat en beantwoord hierdie vrae:

- Wat is jou gunstelingadvertensie op televisie?
- Wat is jou gunstelingadvertensie in gedrukte media?
- Dink aan drie redes hoekom winkels en besighede adverteer.
- Wat trek jou aandag wanneer jy 'n advertensie lees?
- Dink aan 'n produk of diens wat jy sal wil adverteer en verduidelik vir jou maat hoe jou advertensie sal lyk.

Voordat jy lees, slaan die volgende woord in jou woordeboek na en skryf die betekenis hier neer:
Teikengroep: _____

_____

Lees die advertensies en beantwoorde die vrae op jou eie of saam met 'n maat:

Bron: https://goo.gl/Zu1R6g

1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?

_____

2. Is hierdie 'n moderne of 'n outydse advertensie? Verduidelik jou antwoord.

3. Wat is die doel van die advertensie?

4. Wie dink jy is die teikengroep van die advertensie?

5. Hoe groot is die swembad wat geadverteer word?

6. Waar dink jy sal 'n mens hierdie advertensie aantref?

Bron: https://goo.gl/MCLfGe

1. Wat word geadverteer?

2. Waar en wanneer sal die gebeurtenis plaasvind?

3a. Waarna verwys die woordspel in "Goeie spel!"?

_____

_____

3b. Die woord 'spel' het nog 'n betekenis. Skryf 'n sin met die tweede betekenis van die woord.

_____

_____

4. Waar of onwaar. Gee 'n rede vir jou antwoord.

   Jy en jou hele gesin woon die gebeurtenis by en julle raak honger. Ongelukkig moet julle nou huis toe ry om iets te gaan eet.

_____

_____

5. Wie dink jy is die teikengroep van die advertensie?

_____

6. Waar dink jy sal 'n mens hierdie advertensie aantref?

_____

7. Jy is Laerskool Sonskyn se nuwe bemarkingsleier. Hulle voel dat die advertensie kleurvol moet wees om aandag te trek. Kleur die advertensie in.



Bron: https://goo.gl/DaRftY

1. Wat word in die advertensie geadverteer?

   _____

2. Wie dink jy is die teikengroep van die advertensie?

   _____

3. Die woord OPPI is 'n opgemaakte woord wat uit twee ander woorde bestaan. Skryf die twee woorde neer.

   _____

4. Wie is die borg van die Aardklop-fees?

   _____

5. Waar kan mense wat verblyf tydens Aardklop soek, verblyf vind?

   _____

6. Wat moet mense wat hulle huise of ander blyplekke tydens Aardklop wil uitverhuur, doen?

   _____

   _____

Werk met woorde: Hersiening

Rangskik die woorde in alfabetiese volgorde.

rugby	1. _____
verblyf	2. _____
uitverhuur	3. _____
swembad	4. _____
eetgoed	5. _____
Sonskyn	6. _____
Aardklop	7. _____
advertensie	8. _____
koerante	9. _____
tydskrifte	10. _____